

Vliegkurs



Dit is moontlik om sonder enjins te vlieg,
maar nie sonder kennis en vaardigheid nie.
- Wilbur Wright

Doelwit: Om die Verkenner se belangstelling te wek ten opsigte van lugvaart, veral ten opsigte van die beginsels van vlieg.
Weergawe: 2007.0
Datum: Augustus 2007

Begroning:

Voortrekkerkode: 9. 'n Voortrekker is oplettend en weerbaar.

ABC: As skepsels van God leef ons driedimensioneel en reis ons ook driedimensioneel. Die meeste mense gaan een of ander tyd wel vlieg en daarom is dit goed om die beginsels te ken. As Christene moet ons die skepping se wette ondersoek en gebruik om te kan heers. Elke oomblik van die dag is daar miljoene mense in die lug. Alles is moontlik omdat God betroubaar is en sy wette in standhou.

Verder het Suid-Afrika die tweede oudste lugmag in die wêreld met 'n lang en trotse geskiedenis en het ons lugmag ook 'n belangrike rol gespeel om oorwinning vir die geallieerdes in beide wêreldoorloë te verseker.

Aanbiedingsvereistes:

| | | | |
|-------------------------------|--|--------------------|--------|
| Tydsduur: | 1 dag | Graadgroep: | 8 - 12 |
| Voorvereistes: | Geen | | |
| Aanbieding: | Die spesialisasie kan individueel of in spanverband afgehandel word. | | |
| Toekennings instansie: | Kommando | | |

Uitkomst:

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

1. Die basiese kontrolelyspesiedures kan identifiseer.
2. Vertroud wees met die basiese lugverkeerbeheer kommunikasieprosedures en dit kan noem.
3. Vertroud wees met die beginsels van vlieg (met ander woorde die vorm van die vlerk en die vloei van die lug daarvoor).
4. Bespreek wat gebeur indien 'n vliegtuig staak en wat is die gevolge daarvan (te lae lugspoed, invalshoek, gaan in tolvlug).
5. Die hoofkomponente beskryf waaruit 'n eenvoudige vliegtuig saamgestel is.
6. Die volgende beheervlakke kan beskryf:
 - 6.1 Rolroer.
 - 6.2 Hoogteroer.
 - 6.3 Rigtingroer.
 - 6.4 Klappe (Flaps).
7. Die volgende instrumente kan beskryf:
 - 7.1 Girokompas.
 - 7.2 Hoogtemeter.
 - 7.3 Lugspoedmeter.
 - 7.4 Vertikale spoedmeter.
 - 7.5 Denkbeeldige horisoninstrument.
8. 'n Navigasievlug op 'n kaart beplan met al die nodige besonderdhede inaggeneem, asook weersomstandighede.
9. Vertroud wees met die werking van 'n satellietkompas (GPS).
10. 'n Eenvoudige model bou om die werkverrigting van beheervlakke te demonstreer.



Vliegkurs



11. 'n Lughawe besoek en die volgende doen:
 - 11.1 Win kennis in van voor- en navlug inspeksies (soos deur 'n vlieënier uitgevoer).
 - 11.2 Bespreek die belangrikheid van die inspeksies.
12. Vertroud raak met Microsoft Flight Simulator.

